

sig

nuusbrief

Durbanville
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

PINKSTER 2008 en daarna

- Ds Gys van Schoor

Die afgelope Pinkster het ons stilgestaan by die tema: Om weer eerstehands met God te lewe. Ek dink dat ons juis hier voor een van ons grootste uitdagings staan. Ons het geleer om tweedehands met God te lewe. Daarmee bedoel ek dat ons geleer het om te lewe met geestelike boeke (oom Solly, Warren, Meyers, ens), met 'n Dominee, 'n kleingroep, "God-channel". Ons kan selfs met die Bybel leef sonder om met God te lewe.

Hierdie tema het gevra dat ons ons Pinkster anders moes inrig. Ons leer nie om eerstehands met God te lewe deur net na preke te luister nie. Dit is iets wat ons moet inoefen. Daarom het ons rondom tafels in die Gemeentesentrum bymekaar gekom om hierdie leer-leef-saam-met-God in te oefen.

Ons het 'n paar baie belangrike dinge geleer. Die eerstehandse leer leef met God vra dat ons 'n ander lewensritme sal moet aanleer en inoefen nl. om te leer stop, luister en leef. Stop – om na God te luister. Dit beteken 'n nuwe inskrywing in ons dag-boeke: afspraak met God. Ons gejaagde kultuur met sy haastige lewensritme vra dat ons doelgerig besluite sal moet neem om te Stop en by God tot rus te kom.

Die Stop staan in diens van om te kan **Luister**. Dit is baie moeilik om na iemand langs die pad te luister wanneer ons teen 120 km per uur verby hom/haar ry.

Eerstehandse leer leef met God is om te kan luister, van wesenlike belang. Ons het die afgelope paar jaar baie moeite gedoen om ons Bybellees-metodiek aan te vul met Lectio Divina ('n ou luister



metodiek uit die vroeë kerk). Dit het ons geleer om met 'n teks om te gaan om God se Stem vir ons te hoor. Dit is essensieel vir die leer leef met God. Die seën wat dit meebring is lewensveranderend.

God praat nie net deur die Bybel met ons nie. God praat deur ons lewe, mekaar, ander mense, ens. met ons. Daar is ook ander luisteroefeninge wat ons hiermee kan help en ons kan leer om 'n luisterende hart te bekom.

Vanuit die luister, leer die Gees ons om op 'n nuwe manier te leef.

Ons wil in ons gemeente erns maak met die eerstehandse leer leef met God. Vir ons gestuurde reis is dit onontbeerlik. Ons gaan die res van die kwartaal ons eredienste 'n bietjie anders inrig om ons te help om hierdie nuwe lewensritme: stop, luister, leef, in te oefen. Eredienste wil ons juis help om van Maandag tot Saterdag met God te lewe.

Ons as Christene het op groot skaal verleer om eerstehands met God te leef, het verleer om te leef vanuit die verhouding met God. Ons het geleer om te leef met die nuutste boek van Rick Warren of Joice Meyers, met 'n kleingroep, met 'n geestelike leier, selfs met die Bybel. Ons het die leef met God prysgegee. Ons het nie meer eie God-stories om te vertel nie. Ons vertel wat ons in 'n boek gelees het en op TV gesien het. (Natuurlik is al bg. baie waardevol, maar dit kan nie die eerstehandse leef met God vervang nie.) Een van die simptome van hierdie saak is dat die lees van die Bybel in onbruik verval het. Ek onthou die storie van 'n lidmaat, 'n vrou wat vertel het dat alhoewel haar man al jare op die kerkraad dien, hy self nie meer die Bybel lees nie. "Dominee, die enigste keer wat my man die Bybel lees, is wanneer jy dit saam met hom op Sondae lees!" Ek bespeur by baie lidmate 'n moegheid as dit kom by die lees van die Bybel. Ons sal enigiets anders lees, enige nuwe geestelike boek – maar net nie die Bybel nie. Wanneer die eerstehandse leef met God verdof, verloor die Bybel sy aktualiteit.

Uit die Woord

- Ds Freek Serfontein



“Die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie”. So berig Markus oor Jesus se intrepreek in Galilea.

Die koninkryk van God. God se nuwe wêreld noem ons dit soms. Daarvoor gaan dit vir Jesus. Dis die saak wat Hy onder mense se aandag wil bring. Daarvoor het Hy na die aarde gekom: om ons te leer en om die bestaan van die koninkryk van God te kan raaksien. Om te kan ontdek dat daar meer in die lewe is as wat sommer so met die eerste oogopslag blyk. Jesus roep mense

op om verder te kyk as net die ellende en die moeilikhede wat so deel van die wêreld geword het. Om meer as net slegte dinge en swarigheid te sien.

Hy roep mense op om in God te glo. Om Hom as Koning te erken. Om te ontdek dat in sy koninkryk daar ander reëls geld. Dat die waardes van sy koninkryk baie keer direk teenoor die waardes van die wêreld staan. Dink maar aan sy uitsprake in die bergrede: “geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. Geseënd is dié wat dors na wat reg is ... Geseënd is dié wat barmhartig is ...”

Dink 'n mens 'n bietjie na oor die uitsprake wonder jy soms of dit nie net 'n droom van Jesus was nie. 'n Ideaal dalk? Of is ons as Christene (koninkryksburgers) geroep om volgens hierdie waardes te leef? Is dit nie ons roeping om hierdie ander soort leefstyl te bemark nie? Êrens vra Philip Yancey die vraag: hoe anders sal dit nie wees as die Westerse wêreld eerder met die waardes van Jesus verbind word as die waardes wat in baie van ons TV-programme voorgedra word nie?

Uit die Wêreld

House - Ds Tinus van Zyl



Soos baie mense is ek gaande oor die TV reeks, *House*. Dit handel oor 'n uiters ontakvolle dokter, Gregory House, wat 'n bemaande spesialis is in die veld van diagnostiek. Saam met die span dokters, wat hul internskap onder hom doen, is hy instaat om die

raarste siektes, wat vir alle ander dokters 'n raaisel bly, te diagnoseer. Om hierdie moeilike diagnoses te kan maak, bly House altyd by sy universele waarheid: "Everybody lies," en daarom mag die pasiënt nooit geglo word nie. Die enigste ding waarin House glo, is simptome, want simptome jok nie (of te wel, hulle jok nie doelbewustelik nie.)

Dr. House se wantroue strek egter verder as die woord van sy pasiënte. House glo ook nie in God, geluk, hoop of goeie dade nie. "God" is bloot 'n naam wat ons gee vir die tye wanneer ons lewe toevallig 'n goeie wending neem, "geluk" is net die gevolg van chemiese stowwe wat afgeskei word in die brein, "hoop" is 'n valse illusie dat dinge beter gaan word in die toekoms en ALLE "goeie dade" spruit ten diepste vanuit 'n selfsugtige motief.

Gregory House is 'n ekstreme uitbeelding van 'n "world come of age" waarvan die teoloog Dietrich Bonhoeffer gepraat het, en waarvan ons almal kinders is. Dit is 'n wêreld waarin al hoe meer van die



onverklaarbare "gate" in ons kennis deur die wetenskap verklaar en toegestop word, en wat die bestaan van God oorbodig maak. In die verlede het ons nie verstaan waarom iemand siek of gesond word nie, en is dit toegeskryf aan die werk van God (of van die bose), maar nou kan die mediese wetenskap vir ons verduidelik waarom iemand siek of gesond word, en is dit nie meer nodig om God in die gesprek in te bring nie.

Dit is hierdie "gate-toestopper-god" wat die karakter House verwerp, en wat Richard Dawkins ook met soveel ywer in sy boek *The God Delusion* aanval. 'n Mens sou wel kon aanvoer dat daar sekere dinge is wat die wetenskap nog nie kan verklaar nie, en daar is beslis gevalle van pasiënte wat gesond word sonder enige mediese verklaring. Maar soos wat die kennis van die wetenskap uitbrei en die "gaatjies" van dinge wat ons nog nie kan verklaar nie al hoe kleiner word, word ons gate-toestopper-god ook al hoe kleiner. Eerder as om te soek vir gaatjies in ons kennis wat die wetenskap nog nie kan toestop nie en om God tot daardie gaatjies te beperk, kan ons op 'n heel ander manier oor God dink.

Is God nie die Een wat ons help om ons selfsugtige, evolusionêre dryf om oorlewing te oorkom en ander hoër as onself te ag nie? Is God nie die Een wat ons instaat stel om nie te berus by die huidige toestand van die wêreld nie, maar te hoop en te bid en te werk vir 'n beter wêreld? Dit is tog God wat uiteindelik vir ons geluk skenk – nie die "chemiese breinstof"-geluk van lekker ervarings en opwindende gebeure nie – maar die diepe dankbaarheid dat daar iets meer is in die lewe as harde, koue feite. Iets meer as die swaarkry en die pyn en die lyding, naamlik die onsienlike dinge van God. Dinge soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid ...

Voorsitter van die Kerkraad

- Ds Freek Serfontein

Thys Pretorius is sedert verlede jaar voorsitter van die kerkraad. Hy en sy vrou, René, en hul twee kinders, Mieke (gr7) en Stephan (gr 4), woon sedert 1999 in Aurora. Van die begin af, het hulle by die gemeente ingeskakel.

Thys is 'n sakeman wat gemiddeld 2 weke per maand weg van die huis werk. Hulle was so gelukkig dat René se weduweemoeder, gewillig was om by hulle te kom intrek. Met twee kleinkinders wat die wêreld vol gery moet word, het sy 'n onmisbare skakel in hulle huishouding geword.

Praat 'n mens met Thys oor hulle ervaring van die gemeente, wys hy dadelik op die warmte en die hartlikheid waarmee hulle hier ontvang is. Dit was in skrilte kontras met die gemeente in Johannesburg waarvandaan hulle hierheen gekom het. Daar het 'n mens kerk toe gegaan sonder om ooit te voel dat jy daar hoort en na jare was jy steeds 'n buitestaander en 'n vreemdeling.

Sedert hulle hier is, het hulle op verskillende maniere by gemeente aktiwiteite betrokke geraak. Beide Thys en René is by die jeugwerk betrokke. Daar het hulle die herstrukturering van die katege-



beleef en help hulle tans om op 'n nuwe en vars manier God se goeie nuus met die kinders en jongmense te deel.

Die feit dat Thys so baie uitstendig is, maak dat hy nie 'n bestuurder van die kerkraad kan wees nie. Hy beskou homself eerder as 'n fasiliteerder – iemand wat probeer om die regte vrae te vra. Kerkraadsvergaderinge het nou “luister”- vergaderinge geword. Rondom 'n teksgedeelte raak die kerkraad stil en leer hulle om te luister wat God vir hulle wil sê. Onlangs is 'n kerkraadsnaweek op min of meer dieselfde manier gehou.

Dis wanneer gelowiges so na God en na mekaar luister, dat ons as gemeente die rol sal kan speel wat God nou van ons verwag. “Daar sal altyd geleenthede wees waar lidmate “na binne werk”, maar 'n

geloofwaardige gemeente mag die fokus “na buite” nie uit die oog verloor nie” sê Thys. Vir hom is dit juis een van die uitdagings vir ons gemeente: om soveel as moontlik lidmate te laat besef en te betrek by die gestuurde gemeente-visie. Dis wanneer lidmate besef dat elkeen van ons 24 uur van die dag en nag God se gestuurdes is, dat ons 'n verskil in die wêreld kan maak. “Om individueel sowel as gesamentlik te leer leef en te doen wat Jesus van ons vra, gehoorsaam ons die roeping van die Koning van die kerk”, glo Thys.

Teologiese student

In Januarie vanjaar het Carla Ferreira by die gemeente aangesluit om die praktiese gedeelte van haar teologiese opleiding te voltooi. As teologiese student in haar finale jaar, is Carla tans besig met haar Lisensiaat in Teologie. Die kursus behels teoretiese sowel as praktiese werk wat in die konteks van 'n plaaslike gemeente afgelê moet word. Die doel van die kursus is dat studente die teorie wat hulle oor die afgelope vyf jaar geleer het, nou sal integreer met die kennis wat opgedoen word deur die waarneming van verskillende aspekte van die bediening. Ds. Tinus van Zyl tree op as Carla se supervisor en mentor wat haar begelei om blootgestel te word aan verskillende aspekte van die bediening, bv. prediking, kritiese gespreksgroepe, JAM en Tienerbybelskool. Ds. Gys van Schoor tree op as mede-supervisor. 'n Belangrike deel van die mentors se taak is om die student te begelei in die

aanpassing vanaf die Kweekskool na die gemeentelike konteks, en om te leer om teoretiese kennis met die praktyk te integreer.

Carla het grootgeword in Uitenhage in die Oos-Kaap, en het in 2002 aan die Hoërskool Brandwag gematrikuleer. Sy sien haarself as iemand met 'n bewussyn van die broosheid van die lewe en van mense, en daarom stel sy familie en vriende hoog op prys. Vir Carla is dit belangrik om die lewe te vier saam met goeie vriende, goeie kos en goeie wyn.

Ons wens Carla sterkte toe met haar studies en bid haar God se seën toe.



Getuigenisse: Pinkster 2008

Amelia Woudstra:

Die week van Pinkster het ons deur "fellowship" begin met opleiding om 'n nuwe lewensritme aan te leer, naamlik van stop, rus en luister na God deur Sy Woord en na mekaar en om ons roeping in hierdie lewe te kan uitleef.

Ons is kleipotte wat maklik breek, al dra ons 'n skat van die heerlijkheid van Jesus Christus wat soos 'n lig in 'n donker wêreld skyn.

Mense wat hierdie week misgeloop het, het baie waardevolle verrykings op geestelike vlak verloor.

Lizette Kotze:

Hoe ongelooflik het Gys en Tinus hulle nie van hulle taak gekwynt nie. Dit was my eerste belewenis van werk met christene in klein groepies om 'n tafel. Ek wens ons kan meer gereeld so dienste hou - persoonlik het die ander se insette my denke vernuwe, my anders na dinge laat kyk, my laat wonder en my ongelooflik gehelp om te verstaan.

Ek het gedurende Pinkster besef ek is swak en gebroke, die eise is so geweldig baie en ek het al meer op myself begin staatmaak i.p.v. op God. Ons maak almal foute, maar God gee ons krag. Ek ervaar vrede in my binneste wat ek glad nie geken het nie.

Annemarie Meyer:

Die Here het vir my kom bevestig, versterk en bemoedig gedurende Pinkster. i.p.v. 'n "wow" gevoel het ek ontvrede en onrus ervaar. Ek besef nou dat die Here my wou wys dat Hy my bloot net verder neem op die pad wat Hy my geplaas het, 'n pad van stop, luister en leef te midde van elke dag se eise en druk. Hy het saggies met my gepraat en my 'n stille bewusheid van Sy teenwoordigheid gegee, net soos wat Hy in die weke voor Pinkster gedoen het.

Dit was ook verrykend om na God te luister in dit wat ander gesê het.

Piet Coetsee:

Die stop/rus, luister, doen ek lankal, maar die "leef" kom kort. Ons het baie "kopkennis", maar ons lig skyn nie. Hierdie Pinkster het dit na vore gebring - dat ons ons geloof moet uitleef. In Jesaja 58 staan: "then your light will break forth like the dawn, and your healing will quickly appear" en verder vers 10: "and if you spend yourselves in behalf of the hungry and satisfy the needs of the oppressed, then your light will rise in the darkness, and your night will become like the noonday".

Anoniem:

Want ek wil in victory leef en sing en my geloof bely. Ja, daar is plek vir meditatief wees, maar kom ons leer ook hoe om in vreugde saam Jesus te loof en prys en mense aan te moedig om hul hande op te lig en verse uit die Bybel te haal wat ons leer hoe om dit te doen.

'n Geesvervulde diens waar ons ons laat lei deur die Heilige Gees.

Miekie Smith:

Gedurende Pinkster het ek ervaar dat ek tog gereeld leiding nodig het oor hoe om stil te raak voor God, in my kamer. Ons het 2 ore en 1 mond. Dus 2 keer luister en dalk 1 keer praat! En Sy stem raak verseker stil as ek nie luister nie. Elke dag moet ek oefen om van vooraf stil te raak voor my Leermeester, want ek vergeet so baie wat Hy van my verwag en vir my kom sê het. Dankie Jesus vir U genade wat elke dag van vooraf is!



Openingsgebed

Here,
U nooi ons en ons kom nou opnuut by U rus.
U praat met ons en ons is oop om U weer te hoor.
U roep en stuur ons en ons sal nuut leef.

stop

leef

luister

<i>rus</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Raak bewus van jou diepste behoeftes. • Gee dit in gebed aan God.
<i>hoor</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Laat iemand 'n Skrifgedeelte voorlees. • Deel met mekaar wat julle daarin tref.
<i>leef</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Wat lê die Here nou op jou hart? • Besluit op 'n gepaste reaksie en sluit met gebed af.

Sinethemba

- Ds Willem Botes

Nadat die Here dit op ons harte gelê het om vir die kinders van die Sinethemba Sentrum vir spesiale vaardighede, 'n huis te bou, het ons wonderlike reaksie van baie gemeentes en lidmate gekry. Ons ondersteuners het wonderlik gereageer en ons kon genoeg fondse en materiaal insamel vir die eerste fase van die werk.

Die afgelope Maart-vakansie het die Here ons gehelp om met behulp van 'n aantal ondersteunersgemeentes van die Wes-Kaap, lidmate van die NGK Mthatha en die VGK Decoligny, saam met 24 Studente van Stellenbosch, reuse werk by Sinethemba te doen.

Die fundamente is gegrawe, die fundamente se mure is uitgebou, opvulgrond is ingewerk en die betonblad van die vloer is gegooi. Dit het beteken dat daar saans tot na donker gewerk is met behulp van 'n kragopwekker en voertuie se ligte. Die 5 hektaar grond is tegelykertyd omhein.

Baie van die helpers het vir die eerste keer bouwerk gedoen en draad gespan, maar daar was nie 'n tekort aan entoesiasme nie. Binne 5 werksdae is 510m² vloer uitgebou, 127m³ beton gegiet en ± 900 meter omheining geplant. Dit alles kon slegs gedoen word deur die genade van die Here. Aan Hom al die eer.

Eskom het ook reeds begin om die elektriese lyn te bou en die regering is besig om die waterpype aan te lê. Ons hoop dat ons teen die Junie-/Julie-vakansie water sal hê vir die tweede fase van die bouwerk.

Ons moet nog minstens R300 000 insamel vir die werk wat gedoen moet word. Verder soek ons na gekwalifiseerde bouers, skrynwerkers, elektrisiëns en loodgieters asook baie werkers om te kom help met die bouwerk gedurende die komende vakansie.

Die belangrikste is dat ons voorbidding nodig het om hierdie reuse poging te laat slaag – dit is die Here se werk en ons wil niks in eie krag doen nie. God alleen moet verheerlik word by Sinethemba.

Bydraes kan inbetaal word by die kerkkantoor of op internet: NG Gemeente Durbanville, ABSA Durbanville, Tjekrekening, nr 1410580019 verwysing Sinetemba



Mannekamp: 6 - 8 September 2008

- Kobus White

Ons hou mannekampe om vir manne die geleentheid te gee om saam met ander manne by God tot rus te kom. Dit is 'n tyd om na te dink oor ons persoonlike verhouding met God en te luister na wat Hy vir ons sê. Die waarde om by God stil te raak impakteer ons hele lewe: ons werk, ons huwelik, gesinslewe, sosiale lewe.

As ons wil erns maak met ons verhouding met God moet ons hierdie geleentheid soos bv. die mannekamp van 6-8 September by Wortelgat, aangryp.

Die kamp se fokus is manne se afspraak met God. Die kamp word onder leiding van die Gees rondom hierdie tema ingerig. Alle mans is welkom. Nog elke jaar het die Here ons geseën met sy teenwoordigheid.

Inskrywings vir die kamp kan by die kerkkantoor gedoen word. Tel. 021 975 6370 en e-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za



Is jy al betrokke by God se opdrag?

- Rassie Smit



God se plan van liefde is om alle mense in die wêreld te red deur Jesus Christus. Jesus se laaste opdrag sluit hierby aan nl. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels" (Matt. 28:19a). So lê God dit op elkeen van ons se hart om Sy Woord te versprei; hetsy binne ons gemeentegrense, buurdorpe en verder. God roep ons elkeen om op 'n unieke manier betrokke te wees by die groot opdrag bv. gebed, emosionele ondersteuning, getuienis, finansies, administrasie en so meer.

Ons is bevoorreg om as deel van God se plan deur Petrus en Lise ook Sy woord te verkondig in 'n nie-Christenland. Om hulle behoortlik toe te rus en te ondersteun is daar 'n stuurspan gestig. Die doel van die stuurspan is om hul ondersteuning te koördineer ten opsigte van hul finansies, administrasie, gebed, besoeke en morele ondersteuning.

As die Here dit op u hart lê om deel te wees van Petrus en Lise se sendingopdrag kan u die koördineerder, Rassie Smit, kontak (Telefoonnr. 021 975 8866 / e-pos: rlsmit@maxitec.co.za)

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)

Redaksie

Redakteur:
Jackie Pretorius

Redaksielede:
Ds Rian Verster
Ds Tinus van Zyl

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by

PROFESIONELE KUNSTRAAMWERK

- *Uitstaande kwaliteit*
- *Billikste pryse*
- *Persoonlike diens (ook na-ure)*
- *Grattis artiesteke advies*
- *Groot keuse verskeidenheid*
- *Vervryings van gereelde kliente beskikbaar*

KONTAK STEPHAN ACKERMANN
021 9762464 (alle ure)
084 4500 100
De Villierslaan 45
DURBANVILLE



'N NUWE SPEELGROEPJE IN DURBANVILLE

KWALITEIT ONDERRIG EN ÆNDBAG IN 'N
RUSTIGE, RUIM EN KINDERVRIENDELIKE
OMGEWING

OUDERDOMME: 2-3 EN 3-4

TYD: 09:00 - 12:00

ERVARE, OPGELEIDE ONDERWYSERS
MET 'N PASSIE VIR KLEUTERS

HIER LEER ONS SPEEL-SPEEL GROOTWORD!

Maak die rieme vas – hier gaan ons!

- Christi Thirion

Hier aan die einde van April keer meeste mense my voor en meeste van die kere is die vraag: "Het ons weer 'n uitreik hierdie jaar?" My standaard antwoord: "Verseker!" Die volgende vraag is: "Gaan ons weer Transkei toe?" Maar anders as vorige jare moet ek "nee" antwoord. Die hoofrede daarvoor is bloot eenvoudig dat oom Willem-hulle in Decoligny hierdie jaar besig is om die Sinethemba kinderhuis te bou (Sien berig bl 5) en hulle gespesialiseerde vaardighede nodig het daarvoor.

Die alternatief is Riemvasmaak. Riemvasmaak is eintlik die algemene gebruiknaam vir twee verskillende gemeenskappe in die omgewing, nl. Riemvasmaak self, waar 'n groep Damaras ('n inheemse bevolkingsgroep van die Kalahari) woon en Vredevallei, waar 'n groep Xhosas woon.

Ons vergesel vir ds. Johnnie Tromp, van die Christen-Gereformeerde Kerk, wat o.a. daar sendingwerk doen. Hy stap al 'n lang pad saam met die twee gemeenskappe, maar veral hulle volwassenes. Meeste van die jongmense bly in koshuise om hul skoolopleiding te kry en is dan tydens die vakansie terug in die omgewing en dis waar ds. Tromp ons jongmense se hulp benodig.

Een van die beste maniere om 'n verhouding te bou, sodat 'n mens met ander mense kan gesels oor 'n verhouding met die Here, is dan juis om saam goed



Damara vrou

te doen en dis presies wat ons beplan. Ons gaan saam met die jongmense van Riemvasmaak 'n paar aktiwiteite doen soos om sokker te speel (waar Julia Fourie NIE haar toon gaan breek nie) en moontlik 'n paar geestelike aktiwiteite vir die jonger kinders aan te bied. Ons gaan ook 'n klein bydrae tot die ekonomie van die omgewing maak deur van die toerisme aantreklikhede te besoek. Die gemeenskap is in vennootskappe met Augrabies Nasionale Park en die Molopo warmwaterbronne is een van hul eie inisiatiewe.



Pret van verlede jaar.

Jy sal my nie glo nie, maar ons het baie meer hulp nodig as net bloot 'n paar mense om te kom help op die besoek self. Soos julle al seker agter gekom het knyp die ekonomie, so enige finansiële bydraes is welkom. Dan gaan ons ook in die skool slaap, waar daar nie storte is nie, so die mense wat 4x4 entoesiaste is en nie weggaan nie, kan ons help deur 'n kampstort of iets van daardie aard te leen. Dan gaan ons waarskynlik ook bietjie kookgerei nodig hê, weens 'n gebrek aan 'n kombuis. Indien jy ons nie kan help met toerusting nie, gaan ons kreatiewe denkers nodig hê om ons te help beplan aan die aktiwiteite en die belangrikste: 'n groot groep voorbidders.

Enigiemand is welkom om saam te gaan. Ons reël dit saam met Durbanville-Bergsig daarom is dit selfs oop vir mense buite ons gemeente. Dus, die Riemvasmaak besoek is uit ons gemeenskap, waarby almal betrokke moet wees! So, maak die rieme vas – hier gaan ons!!!

VINNIGE FEITE

Datum: 28 Junie 2008 tot 7 Julie 2008
Koste: R1600 per persoon (Borgvorms is beskikbaar.)
Kontak: Christi Thirion (Durbanville Gemeente)
082 728 9762 (Sel)
021 975 6370 x21 (Kantoor)
christi@durbanvillegemeente.co.za

Teer om die stof en modder te keer

- Ds Freek Serfontein

Soos die gemeente groter geword het, het ons parkeerprobleme nie kleiner geword nie. Om die waarheid te sê: partykeer lol dit maar om vir almal 'n stilhouplekkie naby die kerk te kry. Gedurende somermaande kon dit op 'n manier nog gaan, maar gedurende die winter was dit 'n perd van 'n ander kleur ... Daar was modder, gladde plekke en slote.

Verskeie ondersoekte oor jare heen het elke keer op niks uitgeloop nie. As eiendomskomitee kon ons net nie



die fondse bekom om die plek te laat teer nie. Stilweg het ek besluit dat dit een van daardie drome is waarvan ek maar moet vergeet.

Toe breek 2008 aan. Ek kry hier in Maart 'n oproep van 'n lidmaat wat iets aan die saak wil doen. Hy reël met kontrakteurs. Die aanbod is van so 'n aard dat ons dit nie kan weier nie. (Net verlede jaar het een kwotasie so net onder die R900 000 gelê). Boonop beoog hulle om voor die winterreën kom, klaar te maak. Teen die tyd dat die Sig verskyn, sal die parkeerterrein om die kerk al ou nuus wees.

Maar ek sal altyd met ander oë daarna kyk. Vir my is dit 'n geskenk van die Here. Een van die vele kere in my lewe dat die Here iets anders (en beter!) laat

uitwerk het as wat ek gedink het. Weereens: aan Hom al die eer!

Inwyding Gerestoureerde orrel

- Stephan Ackerman

Ons 112 jaar oue geskiedkundige orrel het dringende restourasiewerk benodig om die instrument se optimale werkverrigting te verseker, asook om hierdie kultuur-historiese skat vir die nageslag te bewaar. Hierdie taak van ongeveer halfmiljoen Rand wat voorafgegaan is deur 18 maande se navorsing en 12 maande se fondsinsameling, is deur Suidelike Orrelbouers – met Boudewijn Scholten as adviseur – in nagenoeg 6 maande voltooi.

Die inwydingsgeleentheid op 20 April 2008 het deeluitgemaak van die Sondagoggend-erediens, waarna Diederick Basson 'n 30 minute orreluitvoering gelewer het. Sy program het bestaan uit bekende werke van Mendelssohn, Balbastre, Jan Zwart, en J.S.Bach.

Die goeie opkoms van gemeentelede is mildelik vergoed deur goeie orrelspel en pragtige blomme. Nelia van Niekerk en Susie Groenewald het hulself oortref met oorspronklike en geniale uitbeelding van musiekinstrumente in hulle rangskikkings. Die feesviering is daarna voortgesit deur 'n geselligheid in die gemeentesentrum waar Rhoda van Schalkwyk en haar helpers betower het met keurige spyseniering.

'n Groot dankie aan almal gehelp finansier het. Ons kon al ons uitgawes dek.. Alle eer aan God!

